

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAIN SA GRAAN SA	DATUM	DATUM		+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE		
	2017/04/25	2017/04/24		2017/04/18		2017/03/27		2016/04/25		
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
DJIA-index	20764	216.15 ↑	1.1%	20548 ↑	0.6%	20637 ↑	0.8%	20597 ↑	15.5%	17977
Goud (Spot)	1273.90	-2.00 ↓	-0.2%	1275.90 ↓	-1.2%	1290.01 ↑	1.4%	1256.72 ↑	3.0%	1236.22
Brent \$/vat	51.86	-0.38 ↓	-0.7%	52.24 ↓	-1.4%	55.42 ↑	2.2%	50.74 ↑	15.9%	44.76
1 € / US\$	1.0867	0.000 ↓	0.0%	1.0870 ↑	2.1%	1.0646 ↑	0.2%	1.0850 ↓	-1.5%	1.1265
1 US\$ / ZAR	13.02	0.080 ↑	0.6%	12.94 ↓	-2.8%	13.40 ↑	5.0%	12.40 ↓	-16.0%	14.46
Corn	R 1,840.13	-19 ↓	-1.0%	R 1,859.39	*CBOT Corn May cents / bushel 08:00 today vs. CBOT May Sept 12:00 the previous day					
Wheat	R 1,923.18	-93 ↓	-1.6%	R 2,015.97	*CBOT Wheat May cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat May 12:00 the previous day					
Soybeans	R 4,597.45	0 ↓	0.0%	R 4,597.73	*CBOT Soy May cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy May 12:00 the previous day					
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)										
Corn May 17	359.00	-6.00 ↓	-1.6%	365.00 ↓	-1.2%	366.00 ↑	1%	356.00 ↓	-1.1%	401.75
Wheat May 17	402.00	-22.00 ↓	-2.2%	424.00 ↓	-5%	421.00 ↓	-5%	424.00 ↓	-2.4%	527.75
Soybeans May 17	961.00	-6.00 ↓	-0.6%	967.00 ↑	1%	953.00 ↓	-1%	975.00 ↓	-3%	993.75
SORGHUM Jul '17	3020.00	0.00 ↑	0.0%	3020.00 ↑	0.0%	3020.00 ↓	-1.7%	3168.00 ↓	-11.3%	3650.00
WMAZ Spot	1821.00	-31.00 ↓	-1.7%	1852.00 ↓	-12.0%	2069.00 ↑	4.1%	1750.00 ↓	-58.9%	4432.00
WMAZ July 17	1805.00	-28.00 ↓	-1.5%	1833.00 ↓	-10.8%	2024.00 ↑	4.8%	1722.00 ↓	-58.6%	4464.00
WMAZ Sept 17	1866.00	-26.00 ↓	-1.4%	1892.00 ↓	-5.9%	1982.00 ↑	9.8%	1700.00 ↓	-44.9%	3385.00
YMAZ Spot	1909.00	-41.00 ↓	-2.1%	1950.00 ↓	-10.6%	2135.00 ↑	1.8%	1876.00 ↓	-41.9%	3287.00
YMAZ July 17	1918.00	-29.00 ↓	-1.5%	1947.00 ↓	-8.6%	2099.00 ↑	3.8%	1847.00 ↓	-38.9%	3140.00
YMAZ Sept 17	1969.00	-27.00 ↓	-1.4%	1996.00 ↓	-6.2%	2100.00 ↑	7.0%	1841.00 ↓	-38.4%	3195.00
SOY Spot	4561.00	-144.00 ↓	-3.1%	4705.00 ↓	-8.6%	4992.00 ↓	-2.8%	4791.00 ↓	-25.4%	6116.00
SOY July 17	4672.00	-136.00 ↓	-2.8%	4808.00 ↓	-6.6%	5001.00 ↓	-1.9%	4761.00 ↓	-23.6%	6116.00
SUN Spot	4285.00	-128.00 ↓	-2.9%	4413.00 ↓	-3.9%	4554.00 ↑	1.3%	4230.00 ↓	-32.6%	6355.00
SUN July 17	4430.00	-110.00 ↓	-2.4%	4540.00 ↓	-3.7%	4599.00 ↑	3.0%	4301.00 ↓	-30.3%	6355.00
WHEAT Spot	4420.00	-15.00 ↓	-0.3%	4435.00 ↑	0.7%	4390.00 ↑	10.6%	3995.00 ↓	-1.3%	4620.00
WHEAT July 17	4445.00	-10.00 ↓	-0.2%	4455.00 ↑	0.7%	4412.00 ↑	10.2%	4035.00 ↓	-8.8%	4620.00
WHEAT Dec 17	4150.00	0.00 ↑	0.0%	4150.00	-	N/A	-	N/A	-	N/A
NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE										
<p>Markoorsig: Die rand het weer effens teruggesak teenoor die dollar nadat dit gister goed versterk het en vlakke van net onder die R12.90/\$ bereik het gedurende die loop van die dag. Die rand verhandel vanoggend ongeveer 0.8% swakker teenoor die dollar vanaf gister-middag 12:00 en verhandel vanoggend teen R13.02/\$. Die swakker dollar het gister ondersteuning aan die rand gebied en die rand het goeie versterkings getoon. In die ander kommoditeitsmarkte het die Brent ru oliepryse voortgegaan met die verliese wat onlangs gesien was en die olieprys het laer verhandel. Die olieprys is meer onder druk, met die Amerikaanse olieboorders wat aangedui het dat hulle produksie toeneem om hul inventaris te vergroot. Die OPEL lande beplan steeds om die olieuitset in die langtermyn te beperk en sodoende ondersteuning aan die olieprys te bied. Die Brent ru oliemark verhandel vanoggend teen \$51.86/vat.</p> <p>Mielies: Die VSA mieliemark het gister ondersteuning gevind en het effens hoër afgesluit, hoofsaaklik as gevolg van die voorspellings dat meer reën verwag word in die Mid-weste, wat die aanplantings verder kan vertraag. Die 7 dag weervoorspelling toon die moontlikheid van 5 – 6 duim reën in dele van die westelike Mid-weste. Volgens die nuutste USDA se produksievorderingsverslag word die Amerikaanse mielie aanplantings op 17% voltooi geskat. Dit is aansienlik meer as die 6% van verlede jaar, terwyl dit redelik in lyn is met die 5 jaar gemiddeld vir hierdie tyd van die seisoen wat 18% voltooi is. In die weeklikse uitvoerverkope inspeksies word die weeklikse mielieuitvoere op 1.5 miljoen ton geskat wat hoër as die verwagtinge in die mark was. Israel het aangekondig dat hulle 100 000 ton mielies wil koop wat verkry kan word vanaf enige bestemming en die tender vir die aankope sluit Woensdag. Taiwan wil ongeveer 65 000 ton mielies vir lewering in Julie aankoop wat ook van enige bestemming afkomstig kan wees. Die tender vir hierdie aankope sluit ook Woensdag. Plaaslik: Die plaaslike mieliemark het gister weer grootliks onder druk gekom en die pryse van beide wit- en geelmielies het vir meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is, laer gesluit. Die versterking van die rand wat gister gesien was het bygedra tot die druk op die plaaslike pryse. Die NOK sal die 3de produksieskatting vir somergrane vir die seisoen later vandag bekend maak.</p> <p>Sojabone: Die VSA sojaboonmark het gister ongeveer 4 sent sterker verhandel en het die beste daaglike persentasie verhoging getoon in byna 'n maand. Die verwagte plantvertraging, as gevolg van te veel reën en nat lande, sowel as 'n skerp verhoging in die internasionale sojaboon meelpryse en die swakker dollar, is alles faktore wat toegeskryf kan word aan die versterking van die pryse wat gister gesien was. Die sojaboon aanplantings in die VSA het egter goed gevorder en volgens die nuutste USDA se produksievorderingsverslag word die sojaboonaanplantings op 6% voltooi geskat. Dit is beter as die 5 jaar gemiddeld vir die VSA wat teen hierdie tyd van die seisoen 3% is. Die aanplantings in state soos Louisiana en Mississippi vorder veral goed en word tans deur die USDA geskat om ongeveer 59% en 60% onderskeidelik voltooi te wees. In Kanada is die verwagting dat die produsente heelwat meer canola en sojabone hierdie jaar aan te plant. Die verwagting is dat hulle ongeveer 10% meer canola en 27.2% meer sojabone sal aanplant hierdie seisoen. Indien hierdie syfers realiseer sal dit rekord oppervlakte aangeplant vir hierdie twee gewasse in Kanada wees. Goeie produksies wat gesien was in die Suid Amerikaanse lande sowel as die verwagtinge van groter aanplantings in die VSA en ander lande sal bydra tot die groot internasionale voorrade van sojabone. Die hoofokus in die internasionale markte sal nou steeds op die Amerikaanse aanplantings wees en die weer sal ook dopgehou word tydens planttyd in die VSA. Plaaslik: Die plaaslike sojaboonmark was grootliks onder druk gelys gister en het laer verhandel vir meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die mark het weer stoom verloor met die rand wat weer versterk het gister en weer onder die R13/\$ verhandel het. Die 3de oesskatting vir somergrane vir die seisoen word later vandag deur die NOK bekend gemaak.</p> <p>Koring: Die VSA koringmark het gister meestal laer verhandel met die winterkoringmark wat grootliks onder druk gekom het met die goeie reën wat oor groot gedeeltes van die pleine in die VSA voorgekom het en gunstig is vir die produksie van winterkoring. Alhoewel die mark gister laer verhandel het, het die mark egter steeds hoër as verlede week se laagtepunte gesluit. Die uitvoer inspeksies vir die week is aan die bokant van wat die markverwagtinge was vir die week, maar steeds laer as die tempo wat benodig word om by die jaarlikse USDA skatting uit te kom met die bemarkingsseisoen wat slegs 'n paar weke oor het. Die VSA lentekoring mark het gister meestal onveranderd verhandel en het byna onveranderd gesluit gister met die koue en nat toestande in die noordelike pleine, wat die aanplantings van lentekoring vertraag het. Volgens die nuutste USDA verslag word die aanplantings van lentekoring op 22% voltooi geskat. Dit is aansienlik laer as die 5 jaar gemiddeld wat teen hierdie tyd van die jaar 34% voltooi is en ook aansienlik laer as verlede jaar se 40% teen hierdie tyd van die seisoen. Plaaslik: Die plaaslike mark het gister hoofsaaklik laer verhandel en die meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is, het effens onder druk gekom en laer afgesluit vir die dag. Die NOK maak later vandag die eerste intensies om te plant vir wintergrane vir die seisoen bekend.</p>										
<p>Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.saqis.co.za Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za Opgestel deur: Michelle Mokone & Luan Van der Walt / Vir navrae, kontak: Michelle@grainsa.co.za & Luan@grainsa.co.za Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek</p>										